Provinsie van die
**OOS-KAAP**
ONDERWYS

# INTERMEDIÊRE FASE

## GRAAD 6

## JUNIE 2011

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE: 50**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KYK- EN LEESBEGRIP | (20 punte) |
| AFDELING B: | TAAL | (15 punte) |
| AFDELING C: | SKRYFSTUKKE | (15 punte) |

2. Beantwoord al die vrae.

3. Laat ŉ reël oop tussen die antwoorde.

4. Skryf netjies met blou of swart ink.

5. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1: FLIEKRESENSIE

Lees die volgende fliekresensie mooi deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg**.**

### *RIO* (3D)

**Die blou papegaaie *Blu* en *Jewel* leer ŉ belangrike les by die horingbek Rafael in die animasiefliek *Rio.***

### Papegaai se reis neem jou op vlerke

1. Die fliek *Rio* met sy mal kleure en heupswaai-musiek gaan veroorsaak dat Suid-Afrikaners hierdie vakansie Rio de Janeiro kies as hul vakansiebestemming. Verblyf in die hotelle kan vol wees. Die openingstoneel waar die voëls dans laat ŉ mens wonder of voëls dalk heupe het.

2. Ons geveerde vriende word gevang deur smokkelaars. Hulle word uit hul habitat geruk en vind hul pad na vreemde plekke. En dit is wat met Blu (die hoofkarakter) gebeur.

3. Blu is ŉ bleeksiel. Hy is blou ara-troetelpapegaai wat in Minnesota bly. Sy eintlike habitat is die woude van Brasilië. Hy is lank gelede daar gesteel en uitgesmokkel. Die reeks *Animal Planet* is sy idee van ŉ oerwoud. Hy ly aan hoogtevrees en daarom kan hy nie vlieg nie. Ja, jy het reg gelees – dit is onse Blu, maar ek waarsku jou, hy gaan jou hart breek.

4. Blu se eienaar, Linda, besef sy spesie is aan die uitsterf. Blu beland toe in die oerwoud en daar wag die laaste wyfie op hom. Jewel is ŉ skoonheid en die arme Blu het die skoot hemelhoog deur.

5. Daar is baie spanning en die meeste van die spanning kom van die voëlsmokkelaars. Van hulle is dikdom en dan is daar die bende apies wat jou die heeltyd besteel.

6. *Rio* werk in 3-D, want jy hou werklik jou asem op. Dit voel of jy die heeltyd saam met die voëls vlieg. Maar dit is die storie wat jou twee keer laat dink. Blu besef aan die einde dat hy vir veel meer bestem is as koppiekrap. Niemand sal hom weer vir ŉ kalkoen aansien nie.

[Verwerk en aangepas uit: ***Die Oos-Kaap Burger***, 8 April 2011]

1.1 Wat gaan die rolprent *Rio* vir die toerismemark doen? (1)

1.2 Noem TWEE dinge uit paragraaf 1, wat jy onmiddellik sal identifiseer met die jaarlikse Rio karnaval. (2)

1.3 Waarom gaan jy dink dat voëls heupe het? (1)

1.4 Soek ŉ ander woord in die resensie vir die woord: voëls (1)

1.5 *"Blu se eienaar, Linda, besef sy spesie is aan die uitsterf. Blu beland toe in die oerwoud en daar wag die allerlaaste wyfie op hom."*

Hoekom sal jy sê hierdie is ŉ voorbeeld van ŉ groen boodskap (ŉ boodskap om die omgewing te beskerm)? (2)

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte LETTER neer.

Die rolprent *Rio* is ŉ voorbeeld van ŉ ...

A komedie.
B riller.
C animasie.
D kunsfliek. (1)

1.7 Dink jy Blu, as die hoofkarakter, word in hierdie resensie as ŉ "hunk" (ŉ begeerlik karakter) gesien? Stem jy saam? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.8 Haal ŉ uitdrukking uit paragraaf 4 wat beteken dat Blu baie verlief is. (1)

1.9 Kies die korrekte woorde tussen hakies.

Blu is (aggressief en met geweld / nie geweldadig) uit sy natuurlike omgewing verwyder. (1)

1.10 Hoekom sê die resensent *Rio* werk verseker in 3-D? (1)

1.11 Gee ŉ moontlike rede waarom jy en jou maats na hierdie fliek sal gaan kyk. (1)

**[13]**

## VRAAG 2: STROKIESVERHAAL

Kyk mooi na die volgende strokie wat in die vorm van ’n fotoverhaal geskryf is en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

2.1 Waarheen is Tannie Judy en Oortjies op pad? (*Die antwoord moet in suiwer Afrikaans gegee word.)* (1)

2.2 Wat gaan hulle daar maak? (1)

2.3 Wie dink jy is Brandon? (1)

2.4 Wat doen tannie Judy verkeerd? (1)

2.5 Oortjies is darem ŉ slim hond.

2.5.1 Stem jy saam met hierdie stelling? (1)

2.5.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.6 Hoe weet jy dat dit ŉ baie warm dag was? (1)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**VRAAG 3**

## Ons (3.1 uie / eie ) 3.2 Huismoles

Maak kennis (3.3 ...) Janine en Trevor. Hierdie (3.4 paar) sit elke (3.5 Saterdag) voor die TV. (3.6 Trevor is sensitief, maar raak gou kwaad.) Hy huil gewoonlik (3.7 baie hard) as 'n TV-fliek hom ontstel. Janine terg hom daaroor en dan begin die (3. 8 moles). Dit is juis waarom Janine vir Trevor gevra het of hy al die fliek *My sister's keeper* gesien het. Trevor het geantwoord (3. 9 Nee, ek het .....)

3.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Ons (uie/eie) huismoles. (1)

3.2 Kies die een wat NIE pas NIE. Skryf slegs die LETTER van die ALFABET neer as antwoord.

Die uitdrukking '**huismoles'** beteken ...

A jy maak 'n groot lawaai en jy maak moeilikheid.
B 'n stryery ontstaan wat deur almal gehoor kan word.
C jou huis is vol insekte en moet bespuit word.
D 'n argument ontstaan wat almal kan hoor. (1)

3.3 Vul die voorsetsel in wat uitgelaat is.

Maak kennis ... Janine en Trevor. (1)

3.4 Gee die verkleinwoord van die woord tussen hakies.

Hierdie (paar) sit elke Saterdag voor die TV. (1)

3.5 Gee die afkorting van die woord tussen hakies.

Trevor en Janine sit elke (Saterdag) voor die TV. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor sonder om die betekenis te verander.
Trevor is sensitief, maar raak gou kwaad.

Begin só:
Janine se man is ŉ (sensitief) en (kwaad) ou man. (2)

3.7 Gee die korrekte intensiewe vorm van die woord tussen hakies.

Hy huil gewoonlik (baie hard) as ŉ TV-fliek hom ontstel. (1)

3.8 Gee die meervoud van die woord tussen hakies.

Janine terg hom daaroor en dan begin die (moles). (1)

3.9 Antwoord die vraag in die ontkennende vorm.
Trevor, het jy al hierdie fliek gesien?

Begin só: Nee, ek het ... (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

**ADVERTENSIE**

4.1 Blokkie 1: Motorongeluk
Skryf die volgende sin oor in die Verlede Tyd.

Ek moet na my pa luister. (1)

4.2 Blokkie 2: Oorstroming
Skryf die volgende sin oor in die Toekomende Tyd.

Ek draai al die krane toe. (1)

4.3 Blokkie 3: Brand
Skryf die volgende vraag oor in die Indirekte Rede.

Die brandweerman sê: "Kom manne, ons moet hierdie huis red."

Begin so: Die brandweerman beveel sy manne dat ..." (2)

4.4 Blokkie 4: Dronkbestuur
Rangskik die woorde tussen hakies in die regte volgorde.

Ek sien die motorbestuurder (vinnig) (in die hawe) (vanaand) (ry). (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**

**AFDELING C: SKRYFWERK**

**VRAAG 5**



Jy was 'n ooggetuie van die ongeluk. Die polisie begin ooggetuies ondervra. Jy word gevra om alles neer te skryf (6 tot 8 reëls) wat jy gesien het (55 – 65 woorde).

**Volg die Kontrolelys**:
Wees eerlik. Wees baie spesifiek. Wie het wat gedoen? Waar het dit plaasgevind? Dit wat gebeur het, moet jy in detail beskryf. Ons stel belang in **wat jy gesien** het. Dit moet volledig en duidelik wees, want die polisie volg die leidrade op.

**Teken die volgende ooggetuieverslag vorm oor.**

**OOGGETUIEVERSLAG**

**Naam van getuie**:.....
Adres waar ons jou kan
kontak:.....
**Voorva**l: Motorongeluk
**Besonderhede**:
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Datum: .....

Handtekening: ..... .....

**[8]**

**VRAAG 6**

Kom ons kyk na ŉ voorbeeld van ŉ weervoorspelling vir Port Elizabeth vir die volgende drie dae.

| **Vrydag** | **Saterdag** | **Sondag** |
|---|---|---|
| |  | |
| Bewolk met verspreide buie en donderbuie | Die wind is sterk suidwes | Maksimum 38°C en sonnig |

6.1 Is die volgende stelling *waar* of *onwaar*.

Ons kan nie meer Vrydagaand braai nie. (1)

6.2 Op watter dag moet jy uit die son bly? (1)

6.3 Op watter dag sal jy ŉ vlieër kan vlieg, of lekker seil op ŉ seiljag? (1)

6.4 **Gee jou streek- of dorp se weervoorspelling vir die volgende drie dae**. (*Moenie Port Elizabeth se weervoorspelling hierbo gebruik nie.)* Gebruik beskrywende woorde.

**Begin so:**
"*Hier volg die weervoorspelling vir môre, 25 Mei 2011 uitgereik deur die Suid-Afrikaanse weerdiens se kantoor in Bloemfontein."*

*Waarskuwing:*

**Onthou die volgende:**
- Jou weervoorspelling moet tussen 30 en 40 woorde wees.
- Moenie die ***Begin so*** se woorde by tel nie.

**As jy vashaak dink aan die volgende en skryf net:**
- Hoe warm of koud gaan dit wees?
- Hoe winderig gaan dit wees?
- Uit watter rigting gaan die wind waai?
- Gaan dit dalk reën?
- Hoe weet jy dat 'n koue front aan die kom is?

Kyk nou by die venster uit en begin skryf. Vanaand om 19:26 kan jy op *SABC 2* kyk hoe naby aan reg jy was. (4)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 50**